# Inhoud


1 Omvang van verslag en gerusstelling
1 Verklaring deur die direksie oor die geïntegreerde jaarverslag
2 Die Media24-groep
4 Die oorsigjaar in kort
6 Voorsitter se verslag
8 Uitvoerende hoof se verslag
10 Strategiese fokus
12 Risikobestuur
16 Skakeling met belanghebbendes
19 Balans tussen wins, mense en ons planeet
20 Prestasie-oorsig
- 20 ■ Finansiële oorsig
- 21 ■ Bedryfsoorsig
- 24 ■ Nie-finansiële oorsig

34 Korporatiewe bestuurstoesig
- 38 Direksie
- 42 Vergoedingsverslag
- 45 Verslag van die ouditkomitee
- 47 Administratiewe en korporatiewe inligting


## Media24


48 Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële jaarstate
48 Direksie se verantwoordelikheidsverklaring
49 Verslag van die onafhanklike ouditeur
53 Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële jaarstate


## Welkom Yizani


54 Opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate
54 Direksie se verantwoordelikheidsverklaring
55 Verslag van die onafhanklike ouditeur
56 Direkteursverslag
61 Aantekeninge by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate
64 Direksie


## Media24


65 Kennisgewing van algemene jaarvergadering


## Welkom Yizani


69 Kennisgewing van algemene jaarvergadering
72 Volmagvorm: Media24 Beherend Eiendoms Beperk
73 Aantekeninge by die volmagvorms: Media24 Beherend Eiendoms Beperk en Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk
74 Volmagvorm: Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk


## Aandeelhouer-inligting

Algemene jaarvergadering
**Datum:** Maandag
28 Augustus 2017
**Tyd:** 11:00
**Registrasie:** 09:00 - 10:45
**Plek:** Nasdak
Media24-sentrum
Heerengracht 40
Kaapstad




FOTO'S: GETTY IMAGES

## Opleiding en ontwikkeling




The Hub@Media24: Begin in vennootskap met CapaCiTi om vaardigheidsontwikkeling te versnel en 'n nuwe generasie swart ingenieurs te kweek.



Apex Future Leaders-program: 38 Media24-kandidate en 10 van die regering se kommunikasie- en inligtingdiens (RKIS) is opgelei.

**87%** van opleidingsbesteding is op swart werknemers gespandeer







**24**

interns het 'n jaar lange program voltooi om 'n talentpyplyn te vestig

2016 Employer of Choice
MEDIA
sagea AWARDS
MEDIA24

**R44m**

belê in Seta-geakkrediteerde opleiding van swart mense



# Voorsitter se verslag

Rachel Jafta

## MEDIA IN 'N WÊRELD WAT TRANSFORMEER

"Nuwe apps soos News24 Edge en DailyKick, wat inhoud uit Daily Sun, Soccer Laduma en Kick Off saamvat in een gerieflike tuiste, is belangrik om selfs meer relevant te word vir ons gebruikers."
Andreij Horn, hoof van 24.com, Media24

## Oorsig

Ons rapporteer graag dat Media24 die afgelope boekjaar bevredigend gevaar het. Ondanks strawwe bedryfstoestande, hoofsaaklik weens voortgesette strukturele veranderinge in die drukmediabedryf en 'n ongunstige ekonomie, het die groep sterk groei in e-handel en digitalemedia-aktiwiteite behaal. Media24 se tradisionele inkomstebronne krimp, maar ons gaan voort om dit teen te werk deur aan te pas en in nuwe groeibesighede te belê. Besonderhede van ons vertoning die afgelope jaar word in die uitvoerende hoof se verslag verstrek.

Media24 speel 'n aktiewe rol om gemeenskappe deur verskeie inisiatiewe te bemagtig. Die grootste hiervan is OnsKan24 – ons vlagskipprojek vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, waarmee ons leerders en onderwysers in digitale joernalistiek oplei. Ons gaan ook voort om ondernemings wat werk skep te ondersteun, en dra wesenlik by tot vaardigheidsontwikkeling in joernalistiek en op verwante mediaterreine. Besonderhede van al hierdie inisiatiewe word later in die verslag verskaf.

## Welkom Yizani

Welkom Yizani, wat in 2006 as Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) op die been gebring is, het sy aandele in 2013 begin verhandel. Bestaande aandeelhouers kan hul aandele verhandel, terwyl nuwe kwalifiserende aandeelhouers aandele aanlyn of deur Welkom Yizani se inbelsentrum kan koop.

Die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) het aangedui dat alle tradisionele toonbankverhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul bedrywighede ook moet regulariseer ingevolge die Wet op Finansiële Markte van 2012 (FM-wet). Welkom Yizani is sedertdien in gesprek met die Raad op Finansiële Dienste (RFD) hieroor.

As deel van hierdie proses het MultiChoice (ook deel van die Naspers-groep) en Media24 die maatskappy Yizani Phuthuma Nathi (YPN) gestig, wat aansoek gedoen het om 'n beurslisensie vir die verhandeling van aandele wat deur maatskappye binne die Naspers-groep uitgereik is vir BGSEB. In die tussentyd word onverpoos voortgegaan met die verhandeling van Welkom Yizani-aandele op die huidige verhandelingsplatform. Welkom Yizani bou voort op sy positiewe skakeling met die Registrateur en bly verbind tot die nakoming van die FM-wet. Dit is vrygestel van voldoening aan die FM-wet vir 'n tydperk van ses maande ná die Registrateur se besluit om 'n beurslisensie aan YPN toe te ken, al dan nie. Op 31 Maart 2017 het Welkom Yizani 90 452 aandeelhouers gehad.

## Dividend

Media24 se direksie beveel aan dat 'n dividend van R42m aan sy aandeelhouers verklaar word, onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op Maandag 28 Augustus 2017. Welkom Yizani sal R6,3m (2016: R5,9m) ontvang. Die direksie van Welkom Yizani beveel aan dat 'n gewone dividend van R6,2m (2016: R5,8m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 42,5 sent per gewone aandeel (2016: 40 sent per gewone aandeel) voor dividendweerhoubelasting. Ná belasting van 20% (2016: 15%) sal gewone aandeelhouers van Welkom Yizani 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2016: 34 sent per gewone aandeel) ontvang. Soos in 2016, sal geen voorkeuraandeeldividende verklaar word nie.

Dividende sal betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Maandag 28 Augustus 2017 op die boeke geregistreer is, en sal op of ongeveer Donderdag 31 Augustus 2017 betaal word.



# Uitvoerende hoof se verslag

Esmaré Weideman

**MEDIA IN 'N WÊRELD WAT TRANSFORMEER**

**Esmaré:** "Vir ons is dit ongelooflik belangrik om ons joernalistiek, ons lesers en ons adverteerders aanlyn te laat migreer. Die drukmedia is wêreldwyd vinnig aan die agteruitgaan en in Suid-Afrika is dit ook die geval. Mediamaatskappye wat nie dapper stappe doen nie, sal nie oorleef nie."

## Oorsig

Ons het die afgelope jaar belowende vordering gemaak met die uitbreiding van ons digitalemedia-werksaamhede, die ontsluiting van doeltreffendhede in ons drukmediaportefeulje en die diversifisering van die besigheid vir toekomstige sukses.

24.com, wat al ons digitalemedia-handelsmerke huisves, het wesenlike groei in gehore en betrokkenheid behaal, veral op mobiele platforms. Teen jaareinde het dit 17m gebruikers per maand gehad (35% meer as die vorige jaar) en gemiddeld 388m bladlese per maand gegenereer (41% meer as die vorige jaar) – 'n bewys van die leiersposisie wat ons in digitale media in Suid-Afrika opgebou het. Die afdeling het ook sy produkaanbod met rasse skrede versterk, onder meer met kunsmatige intelligensie en masjienleer om inhoud volgens gebruikers se belangstellings te verpersoonlik. Hierdie gebruik van tegnologie in apps soos News24 Edge verbeter die gebruikerservaring aansienlik. Ons het ook HuffPost South Africa, 'n belangrike nuwe stem in die medialandskap in Suid-Afrika en die eerste uitgawe van dié invloedryke digitale nuushandelsmerk in Afrika suid van die Sahara, bekendgestel. Netwerk24, ons digitale intekenaarplatform en die tuiste van die beste aanlyn nuus in Afrikaans, het verskeie produkverbeterings aangebring en sy posisie as die land se grootste betaalnuuswebwerf verskans.

Media24 het 'n rekordgetal van 18 pryse by vanjaar se IAB Bookmarks-pryse, wat digitale uitnemendheid erken, gewen.

Ons ander groeibesighede, vernaamlik die aanlynmodebesigheid, Spree, en aanlyn-werwingsbesigheid Careers24, het ook dubbelsyfer-omsetgroei aangeteken. Veral Spree het uitstekende resultate behaal: netto verkope het met 88% gestyg, daaglikse transaksies het met 76% toegeneem en app-verkope het meer as verdubbel teenoor die vorige jaar.

VIA, ons Afrikaanse leefstyltelevisiekanaal, het uitstekende groei in sy eerste voljaar getoon, lok nou diverse kykers oor ouderdom, geslag en ras heen, en het sy eerste bedryfspryse gewen.

Hierdie inisiatiewe is strategies belangrik om ons inkomstebasis vir 'n volhoubare toekoms te diversifiseer. Inkomste uit tradisionele media het verder gedaal, ooreenkomstig die wêreldwye tendens. Dié daling vind plaas weens die migrasie van gehore en adverteerders na aanlyn platforms, waar ons goed geposisioneer is om munt te slaan uit verbruikers en adverteerders se veranderende voorkeure. Die futlose Suid-Afrikaanse ekonomie het 'n verdere negatiewe impak op drukadvertensies en -sirkulasie gehad aangesien adverteerders op bemarking besnoei en verbruikers die gordel stywer trek.

Ons het ons drukportefeulje die afgelope jaar gestroomlyn en ons verspreidingskoste aansienlik verminder deur afleweringsroetes te herontwerp. Ons het ook ons markleierskap ten opsigte van druksirkulasie en -advertensie gehandhaaf, en ons uitstekende stal koerant- en tydskriftitels het talle bedryfspryse ingepalm.

Ons boekafdelings het 'n goeie jaar gehad waarin hulle meer as 44 letterkundepryse gewen en sterk resultate aangeteken het. Via Afrika, ons skoolboekuitgewer, het 'n gesonde hupstoot gekry danksy handboekbestellings deur die regering, en Van Schaik Uitgewers het ondanks voortgesette onstabiliteit in die akademiese mark 'n stewige winsmarge gehandhaaf.

## Volhoubare ontwikkeling

Media24 streef daarna om sy klante te bedien deur ervarings te skep, en deur produkte te ontwikkel

**Uit ’n verskeidenheid potensiële blootstellings blyk dit dat die volgende wesenlike groeprisiko’s tans bestaan:**

**Strategies en operasioneel**

| Risiko | Aksie | Verband met strategie |
|---|---|---|
| ■ Die groep doen sake in hoogs mededingende bedrywe en markte. | ■ Lewer gehalteprodukte en -dienste aan klante.<br>■ Bied ’n oortuigende prys-/waardevoordeel.<br>■ Ons is leiers in innovasie.<br>■ Belê in nie-tradisionele gebiede om vir toekomstige groei te diversifiseer. | ■ Winsgewende organiese groei en strategiese beleggings.<br>■ Benut die reikwydte van mediaprodukte om te diversifiseer. |
| ■ Aangesien tegnologie so onlosmaaklik deel van ons werksaamhede is, bestaan die gevaar dat die groep onverhoeds betrap kan word deur nuwe tegnologieë, nuwe toetreders of die versnelde tempo van ontwikkeling. | ■ Vestig ’n 'mobiel-eerste' kultuur en strategie.<br>■ Fokus op gebruikerservaring, gehalte-inhoud en uitnemende diens. | ■ Brei digitale reikwydte uit en versterk gebruikersbetrokkenheid.<br>■ Lok die beste talent. |
| ■ Die groep doen sake in die media- en vermaakbedryf in Suid-Afrika en is dus blootgestel aan politieke en ander gebeure wat die plaaslike en wêreldekonomie kan beïnvloed. | ■ Bou unieke verhoudings met klante deur inhoud, sosiale media, spesiale geleenthede en digitale platforms.<br>■ ’n Verskansingsbeleid vir buitelandse valuta word toegepas. | ■ Werk saam met reguleerders en bedryfsliggame.<br>■ Wend ons kundigheid tot voordeel van plaaslike gemeenskappe aan. |
| ■ Dalende sirkulasie- en advertensie-inkomste by gedrukte publikasies. | ■ Lewer relevante inhoud van hoë gehalte.<br>■ Streng kostebeheermaatreëls word toegepas.<br>■ Verminder ons afhanklikheid van tradisionele drukmedia met digitale strategieë en diversifisering na e-handel en aanlyn werwing. | ■ Winsgewende organiese groei en strategiese beleggings.<br>■ Benut reikwydte van mediahandelsmerke om te diversifiseer. |
| ■ Digitale bedrywighede bereik dalk nie die skaal wat nodig is om wesenlike wins te lewer nie. | ■ Digitale bates is gekonsolideer om skaal te bou.<br>■ Masjienleer en kunsmatige intelligensie word gebruik om produkte te verpersoonlik en betrokkenheid te versnel. | ■ Brei digitale reikwydte uit en versterk gebruikersbetrokkenheid. |

# Prestasie-oorsig: Finansiële oorsig

Hierdie oorsig dek hoogtepunte van die groep se finansiële prestasie vir die afgelope jaar. Volledige besonderhede verskyn in die finansiële jaarstate van die maatskappy.

## Omset

R8,05bn

(2016: R8,1bn)

Ondanks goeie groei in omset uit e-handel en digitale media het die gekonsolideerde groepsomset op 'n jaargrondslag basies dieselfde gebly weens voortgesette strukturele verskuiwings in die drukmediasektor, taai handelstoestande en druk op Suid-Afrikaanse verbruikers. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het met **6%** tot **R3,1mjd** teruggesak, wat in ooreenstemming is met bedryfstendense. Inkomste uit drukwerk deur Novus het met **6%** tot **R2,9mjd** gestyg danksy hoër as verwagte drukvolumes vir opvoedkundige boeke, sowel as prysinflasie en groei in etiketdrukwerk. Die groep se totale inkomste uit boekuitgewery en -verkope was **15%** laer ná die verkoop van Leserskring/Leisure Books in die finansiële jaar.

Die oorblywende boekeportefeulje het egter bevredigende inkomstegroei opgelewer en sterk skoolboekverkope in Suid-Afrika het laer as verwagte bestellings in Botswana en dalings in die algemene handel teengewerk. Belowende inkomstegroei in ons nie-drukportefeulje was hoofsaaklik afkomstig van e-handelaktiwiteite **(+84%)**, digitale advertensies **(+32%)**, digitale intekeninge **(+15%)** en sneespapiervervaardiging **(+8%)**. Nie-tradisionele inkomstebronne wat verband hou met diversifisering het op 'n jaargrondslag met altesaam **60%** gegroei en dra nou **8%** by tot gekonsolideerde groepsomset **(FJ16: 5%)**.

## Handelswins

R245m

(2016: R400m)

Gekonsolideerde handelswins het met **39%** tot **R245m** gedaal, hoofsaaklik weens Novus Holdings se onderverhaling van insetkoste-inflasie (grotendeels wisselkoersgedrewe) tesame met die eenmalige inbedryfstellingskoste van projekte vir diversifisering en aanleg-amalgamasie. Aansienlike kostebesparings in die drukmediabedrywigheid, asook by gesentraliseerde groepsdienste (IT en gedeelde finansiële dienste), het die verlore inkomste uit advertensies en sirkulasie gedeeltelik teengewerk. Kosteverminderingstrategieë en omsigtige besteding het die kritieke suksesfaktore geword, terwyl die groep voortgaan om wesenlike beleggings in digitale media, e-handel en aanlyn werwing te maak.

Groepverdienste is verder geraak deur 'n batewaardedaling van **R139m** wat verband hou met oortollige kapasiteit by Novus; dit is gedeeltelik teengewerk deur 'n wins van **R20m** met die verkoop van INET BFA.

## Vrye kontantvloei

-R11m

(2016: R323m)

Die groep se vrye kontantvloei het aansienlik verminder tot 'n netto uitvloei van **R11m**. Dit was hoofsaaklik vanweë 'n daling van **R163m** in verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (EBITDA), wat vererger is deur die groeiverwante belegging in Spree-voorraad en laer opgelope uitgawes. Dit is deels teengewerk deur 'n verbetering in debiteuredae regdeur die groep.

**Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële jaarstate en volledige finansiële jaarstate**


Die opgesomde finansiële jaarstate verskyn op bladsye 50 tot 53 van hierdie verslag. Die volledige finansiële jaarstate vir die jaar tot **31 Maart 2017** is beskikbaar by **www.media24.com**. 'n Gedrukte eksemplaar van die finansiële jaarstate kan verkry word van die finansiële hoof, **Cindy Hess**, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy (die besonderhede is op bladsy 47).

# Prestasie-oorsig: Bedryfsoorsig

## 24.com

Ons nuus- en vermaakportaal **24.com** het sy gehoor die afgelope jaar aansienlik uitgebrei asook sy leierskap, gemeet aan reikwydte en betrokkenheid. Maandelikse unieke gebruikers het op 'n jaargrondslag met 35% vermeerder tot 17m, en bladlese met 41% tot 388m, gerugsteun deur mobiele web en apps. News24 bly nommer een onder nuus-apps in Suid-Afrika, en die Afrikaanse betaalnuusplatform, Netwerk24, het sterk intekenaargroei getoon. Aan die bedryfskant het 24.com momentum behou met bekendstellings van verskeie nuwe mobiele produkte insluitend News24 Edge — 'n verpersoonlikte weergawe van die News24-app — en die verpersoonlikte samevoeger-app BounceNews wat sy eie redaksionele, bemarkings- en bestuurspan in Nigerië het. Daarby is die leefstylhandelsmerk Women24 suksesvol herposisioneer as W24, het dekking van die munisipale verkiesings in 2016 deur middel van die nuut herboude Elections24-app alle vorige rekords vir gehoor en betrokkenheid oortref, en is die gratis nuusflits-app NetNuus hartlik deur die mark ontvang. HuffPost South Africa is in November 2016 suksesvol bekendgestel en het sy groeitekens oorskry.




## Drukmedia

Ondanks voortgesette inkomste-dalings het die groep se **Drukmedia**-afdeling, wat uit Nuus, Leefstyl en On the Dot bestaan, bevredigende resultate aangeteken.

Handelswins by **Nuus** was in ooreenstemming met verwagtinge en laer omset is beduidend teengewerk met kostebesparings. Ons het ons advertensie-markleierskap gedurende die tydperk vergroot. Media24 het ook sy leiersposisie onder dagblaaie en Sondagkoerante behou en verder veld gewen in die segment vir plaaslike koerante. Daily Sun het weereens stewig vertoon, terwyl Soccer Laduma aansienlike winsgroei behaal het danksy 'n sterk styging in advertensie-inkomste. Ons portefeulje plaaslike koerante het winsgewendheid verhoog en 'n aantal titels het rekordadvertensie- en -winsvlakke bereik.



In die **Leefstyl**-afdeling het eenmalige publikasies en ander handelsmerkuitbreidings vir gesonde marges gesorg terwyl streng kostebeheer en hoër omslagpryse in 'n mate vergoed het vir die impak van dalende sirkulasies. Ons het afstand gedoen van die publikasieregte vir Grazia SA en Top Gear, TopCar gesluit en die publikasieregte vir Ideas/Idees en Lééf na die onderskeie voormalige redakteurs oorgedra. Ons het ons aansienlike markleierskap ten opsigte van druk- en digitale advertensies en sirkulasie behou en ons titels het die totale reikwydte van hul handelsmerke uitgebrei met dubbelsyfergroei in digitale gehore. Die kontrakuitgewer New Media het voortgegaan om op nuwe inkomstebronne te fokus en weereens uitstekende resultate aangeteken. Matrix24, sy nuwe digitale inhoudsagentskap wat al Media24 se digitale platforms bedien, het stukrag gekry met twee inhoudsbemarkingsveldtogte. Die sindikasiefiliaal Gallo Images het ook 'n rekordwins behaal, gerugsteun deur sterk verkoopsgroei in nuwe markte in Oos-Europa en Rusland. Die Afrikaanse weekblad Huisgenoot het sy eeufees gevier met verskeie spesiale projekte, waaronder 'n eenmalige tydskrif, Karen Zoid se verjaardagliedjie Waar was jy?, en 'n romantiese rolprentkomedie Vir Die Voëls, die vyfde grootste Afrikaanse lokettreffer van alle tye.

Die verspreidingsafdeling **On the Dot** het 'n uitsonderlike vertoning gelewer, gerugsteun deur die voortgesette rasionalisering van sy kostebasis.

## E-handel

In die **E-handelafdeling** het ons aanlynmodebesigheid, Spree, inkomsteverwagtinge aansienlik oorskry – gerugsteun deur sy inkopie-apps en 'n groter produkreeks. 'n Tweede pakhuis is gedurende die jaar in gebruik geneem. Ons het meer plaaslike en internasionale handelsmerke by die portefeulje gevoeg, 'n responsiewe webwerf bekendgestel om 'n beter inkopie-ervaring te bied, en hoë klanttevredenheidsvlakke gehandhaaf ten spyte van hoër verkeers- en transaksievolumes. E-vervulling, wat onder die On the Dot-handelsmerk sake doen, het e-handeldienste in Johannesburg begin lewer vir nog twee groot kleinhandelkliënte. Hierdie afdeling het sy struktuur vereenvoudig om slegs op e-handeldienste te fokus, 'n kliek-en-kom-haal-app ontwikkel waarmee klante items aanlyn kan koop en by 'n winkel kan afhaal, en 'n minderheidsaandeel bekom in 'n nuwe plaaslike skarebenutting-afleweringsonderneming.



## Careers24

Die aanlynwerwingsbesigheid **Careers24** het goeie inkomstegroei behaal ondanks 'n swak indiensnemingsklimaat en strawwer mededinging weens die sterker toetrede van gevestigde globale spelers tot die mark. Ons het wesenlike beleggings gemaak om die doeltreffendheid van die platform te verbeter en die waardeaanbod aan sowel werkgewers as werksoekers te verbeter. Dit het verhoogde verkoops- en behoudkoerse tot gevolg gehad.

## VIA

Die leefstyl- en vermaaktelevisiekanaal **VIA** het in sy eerste volle bedryfsjaar uitsonderlike gehoorgroei behaal. Sy Afrikaanse spitstydkykertal het die afgelope jaar met 44% gegroei en verteenwoordig nou nagenoeg 30% van DStv se totale Afrikaanse kykertal in spitstye. Dit is nou die derde grootste Afrikaanse kanaal.


## Boeke


Ons **Boeke**-portefeulje het uitstekende resultate aangeteken, en NB-Uitgewers en Jonathan Ball Publishers het hul posisies as onderskeidelik die grootste plaaslike handelsuitgewer en handelsagentskap gehandhaaf. Verkope van gedrukte boeke was lewendig, maar e-boekverkope het traag gebly. Van Schaik Uitgewers het goed gevaar te midde van onstabiliteit op kampusse, terwyl Via Afrika voordeel getrek het uit stewige handboekbestellings deur die regering.

## Novus Holdings Beperk

**Novus** se vertoning is nadelig geraak deur die voortgesette daling in drukmediavolumes en verhoogde produksiekoste – veral ten opsigte van bedrywighede waarop 'n swakker wisselkoers ongunstig inwerk. Verdienste is ook geraak deur batewaardedalings wat verband hou met oortollige produksiekapasiteit. Daarbenewens is die beoogde kapasiteitsuitbreiding by sneespapiervervaardiging gekniehalter deur 'n ontwrigting van die inbedryfstelling van 'n tweede meule. Die etiketprojek het winsgewend geraak, gerugsteun deur die eerste voljaarinsluiting van resultate sowel as nuwe kliënte wat gewerf is. Die groep gaan voort om produksiedoeltreffendheid te verbeter en kapasiteit aan te pas by markaanvraag ten einde winsgewendheid in sy kerndrukkerye te verhoog.








multimedia-joernalistiek, het die afgelope jaar 2 600 leerders van 240 skole regoor Suid-Afrika opgelei.

- As deel van Media24 se Vrywilligers24-inisiatief het Media24-personeel gedurende die jaar aan verskeie projekte deelgeneem, waaronder die verf van 'n skoolsaal, opknapping van klaskamers en hulp met sopkombuise en groentetuine, en die verf van muurskilderye by skole.
- Die Paarl Media-beursfonds het ses nuwe beurse toegeken en 36 studente het hul studies in die 2016- akademiese jaar voortgesit. Sedert die beursfonds in 2008 begin is, is 95 beurse ter waarde van altesaam R10m toegeken.

## Mense

Media24 heg waarde aan sy mense. Ons is vir die vierde jaar agtereenvolgens aangewys as die voorkeurwerkgewer in die mediakategorie van die South African Graduate Employers Association. Media24 het op 31 Maart 2017 6 210 werknemers gehad.

Ons werkomgewing is ontwerp om samewerking te bevorder, met oopplankantore waar moontlik. Ons moedig 'n werk-lewe-balans aan deur personeel die opsie van fleksiewerkure, met inagneming van operasionele vereistes, te bied.

- Ons belê in die deurlopende ontwikkeling van ons mense.
- Ons beloon werknemers op 'n billike grondslag.







## Ons vlagskipprojekte

Ons vlagskipprojek vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, OnsKan24, bied opleiding in digitale joernalistiek aan hoërskoolleerders en -onderwysers regoor Suid-Afrika, en rus hulle toe om hul eie skool- en ander plaaslike nuus op 'n gratis platform te publiseer. Verlede jaar het OnsKan24 landwyd 2 600 leerders by 240 skole opgelei. Deur die jare het meer as 360 000 leerders in sowat 1 000 skole landwyd by Media24 se inisiatiewe vir onderrig in die klaskamer baat gevind, onder meer deur aanvullende opvoedkundige materiaal wat dwarsdeur die jaar in sy weekblaaie Huisgenoot, YOU en DRUM verskyn.

Die Media24 Rachel's Angels-mentorskapprogram is van 2007 tot 2016 in die Wes-Kaap aangebied. Met dié program is 'n holistiese benadering gevolg – daar is nie net gefokus op akademiese prestasie en om die horisonne van leerders te verbreed nie, maar ook op die bevordering van selfbeeld en om sowel leerders as mentors hul doel in die lewe te help vind. Die leerders het aan die begin van die program 'n slaagsyfer van 92% gehad; aan die einde was dit 100%.

Die groep ondersteun digitale onderrig in gemeenskappe met vier Via Afrika Sentrums vir Digitale Onderrig – opgeknapte skeepshouers – wat toegerus is met Android-tablette waarop die nuutste opvoedkundige inhoud, ontwikkel deur Via Afrika, gelaai is. Dié inhoud bied onder meer

**2 600 leerders is by 240 skole opgelei**



# Top-pryse die afgelope jaar gewen

## IAB SA Bookmarks-pryse

Wen beste digitale uitgewer en 17 ander pryse in 2017




## Taco Kuiper-prys

Rapport wen die prys vir ondersoekende joernalistiek vir die tweede jaar agtereenvolgens (toegeken aan Suzanne Venter)



## World Digital Media-pryse

Kickoff.com en Men's Health se bellyoff.co.za wen pryse in 2016

## Sikuvile-pryse vir joernalistiek

Wen Frewin-, McCall- en Joel Mervis-trofees vir joernalistiek, sowel as vier individuele pryse


groot kanse op medaljes vir SA

Beeld

Lees binne:

Pollard byna sy arm kwyt bl. 3

Seun se dood 'n raaisel bl. 4

Thoko se steun val bl. 2

Dié atlete móét hoes

R70 m.-meevaller maak min verskil

Is dié soentjie regtig so erg? bl. 3

Zoid oor haar dwelmhel bl. 3

Seun verloor oog ná hiëna-aanval

SLEGS 3 DAE PRYS-SKOK


Volksblad

Droogte se rug geknak

Impak nog lank gevoel

Vaalrivier plek-plek 2 m hoër

Jong man sterf toe twee saadwaens hom vasdruk

Te veel skuld? Ons kan help!

079 594 193

## MOST-pryse

Leefstyl word as die beste media-eienaar (tydskrifte) bekroon




## Digital Media Africa-pryse

Media24 wen in 2016 ses uit 10 kategorieë by die eerste WAN-IFRA-pryse vir digitale media in Afrika




## FIPP Rising Star in Media

Huisgenoot se Mieke Vlok word gekies as opkomende media-ster vir 2016

## ATKV Mediaveertjies

Media24 palm alle pryse, buiten een, vir 2016 in



**44 letterkunde-pryse, waarvan drie boeke verfilm is**

# Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële posisie soos op 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| **Bates** | | | | |
| Nie-bedryfsbates | **742 229** | 3 362 231 | **2 651 957** | 3 503 772 |
| Bedryfsbates | **1 355 468** | 2 545 512 | **—** | — |
| Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop* | **3 541 051** | 62 500 | **—** | — |
| **Totale bates** | **5 638 748** | 5 970 243 | **2 651 957** | 3 503 772 |
| **Ekwiteit** | | | | |
| Totale aandeelhouersbelang | **1 626 079** | 1 896 102 | **2 200 516** | 3 052 331 |
| Minderheidsbelang | **1 324 507** | 1 294 892 | **—** | — |
| **Totale ekwiteit** | **2 950 586** | 3 190 994 | **2 200 516** | 3 052 331 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Nie-bedryfslaste | **238 236** | 535 385 | **—** | — |
| Bedryfslaste | **1 730 976** | 2 243 864 | **451 441** | 451 441 |
| Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou vir verkoop* | **718 950** | — | **—** | — |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **5 638 748** | 5 970 243 | **2 651 957** | 3 503 772 |

* Die Novus-groep is op 31 Maart 2017 geklassifiseer as gehou vir verkoop.

# Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike inkomstestate vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| **Omset** | **8 050 944** | 8 116 216 | **—** | |
| Uitgawes | **(8 013 337)** | (7 832 402) | **(851 508)** | (2 750 000) |
| Dividende ontvang | **—** | — | **39 267** | 244 804 |
| **Bedryfswins/(-verlies)** | **37 607** | 283 814 | **(812 241)** | (2 505 196) |
| Netto finansieringskoste | **(35 022)** | (15 094) | **—** | — |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate | **20 976** | 20 535 | **—** | — |
| Wins met verkoop van beleggings | **18 849** | 33 738 | **—** | — |
| **Wins/(Verlies) voor belasting** | **42 410** | 322 993 | **(812 241)** | (2 505 196) |
| Belasting | **(130 269)** | (220 343) | **(307)** | — |
| **Netto (verlies)/wins vir die jaar** | **(87 859)** | 102 650 | **(812 548)** | (2 505 196) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die groep | **(196 189)** | (79 660) | **(812 548)** | (2 505 196) |
| Minderheidsbelang | **108 330** | 182 310 | **—** | — |
| | **(87 859)** | 102 650 | **(812 548)** | (2 505 196) |

# Rekonsiliasie van bedryfswins na handelswins

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| **Bedryfswins/(-verlies)** | **37 607** | 283 814 | **(812 241)** | (2 505 196) |
| Amortisasie van ontasbare bates (uitgesluit sagteware) | **5 383** | 11 285 | **—** | — |
| Ander verlies | **162 133** | 70 234 | **851 508** | 2 750 000 |
| Aandeelgebaseerde betalingskoste – ekwiteitsvereffen | **40 374** | 34 802 | **—** | — |
| **Handelswins/(-verlies)** | **245 497** | 400 135 | **39 267** | 244 804 |

# Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderings in ekwiteit vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **3 190 994** | 3 423 924 | **3 052 331** | 5 802 331 |
| Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar | **(86 206)** | 110 300 | **(812 548)** | (2 505 196) |
| (Verlies)/Wins vir die jaar | **(87 859)** | 102 650 | **(812 548)** | (2 505 196) |
| Totale ander omvattende inkomste vir die jaar | **1 653** | 7 650 | **—** | — |
| Veranderings in ander reserwes | **(27 189)** | (7 206) | **—** | — |
| Dividende betaal | **(127 013)** | (336 024) | **(39 267)** | (244 804) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **2 950 586** | 3 190 994 | **2 200 516** | 3 052 331 |
| **Bestaande uit:** | | | | |
| Aandeelhouersfondse | **1 626 079** | 1 896 102 | **2 200 516** | 3 052 331 |
| Minderheidsbelang | **1 324 507** | 1 294 892 | **—** | — |
| **Totale ekwiteit** | **2 950 586** | 3 190 994 | **2 200 516** | 3 052 331 |

# Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloei vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **324 202** | 653 723 | **38 960** | 244 804 |
| Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite | **(118 128)** | (331 098) | **—** | — |
| Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite | **(279 516)** | (295 529) | **(38 960)** | (244 804) |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente** | **(73 442)** | 27 096 | **—** | — |
| Valuta-omrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente | **(834)** | 883 | **—** | — |
| Herklassifikasie van kontant in gehou-vir-verkoop vervreemdingsgroep | **(227 224)** | — | **—** | — |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **519 199** | 491 220 | **—** | — |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **217 699** | 519 199 | **—** | — |

# Opgesomde groep- en afsonderlike state van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Aan-tekening | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| **Omset** | | **51 525** | 382 432 | **51 525** | 382 432 |
| **Bedryfsuitgawes** | 3 | **(65 908)** | (49 151) | **(127 726)** | (78 144) |
| **Bedryfs(verlies)/-wins** | | **(14 383)** | 333 281 | **(76 201)** | 304 288 |
| **Aandeel van netto verlies van geassosieerde maatskappy** | | **(50 743)** | (33 264) | **—** | — |
| **Beleggingsinkomste – dividende ontvang** | | **—** | — | **5 890** | 36 721 |
| Administrasiekoste | | **(142)** | (91) | **(142)** | (91) |
| Netto finansieringsinkomste/(-koste) | | **512** | (26 750) | **512** | (26 750) |
| **(Verlies)/Wins voor belasting** | | **(64 756)** | 273 176 | **(69 941)** | 314 168 |
| **Belasting** | | **(274)** | (81) | **(274)** | (81) |
| **Netto (verlies)/wins vir die jaar** | | **(65 030)** | 273 095 | **70 215** | 314 087 |
| Netto (verlies)/wins vir die jaar | | **(65 030)** | 273 095 | **70 215** | 314 087 |
| Aandeel van veranderings in geassosieerde maatskappy se ander ekwiteit | | **(5 185)** | 2 853 | **—** | — |
| **Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar** | | **(70 215)** | 275 948 | **(70 215)** | 314 087 |

## 4. Langtermynverpligtinge

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2017 R'000** | 2016 R'000 | **2017 R'000** | 2016 R'000 |
| 4 382 (2016: 4 444 431) veranderlikekoers-, kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele van R0,001 elk | **—** | 4 | **—** | 4 |
| – Beginsaldo | **4** | 37 | **4** | 37 |
| – Vereffen | **(4)** | (33) | **(4)** | (33) |
| Aandelepremie | **—** | 44 407 | **—** | 44 407 |
| – Beginsaldo | **44 407** | 372 963 | **44 407** | 372 963 |
| – Aandelepremie waarvan afstand gedoen is deur aandeelhouer | **(44 400)** | (328 556) | **(44 400)** | (328 556) |
| Herklassifisering van voorkeuraandele na ekwiteit | **(7)** | — | **(7)** | — |
| | **—** | 44 411 | **—** | 44 411 |
| Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge (opgelope voorkeuraandeeldividende) | **—** | 7 124 | **—** | 7 124 |
| – Beginsaldo | **7 124** | 63 287 | **7 124** | 63 287 |
| – Dividende vir huidige jaar | **—** | 27 106 | **—** | 27 106 |
| – Dividende betaal | **—** | (29 393) | **—** | (29 393) |
| – Opgelope voorkeuraandeel-dividende waarvan afstand gedoen is deur aandeelhouer | **(7 124)** | (53 876) | **(7 124)** | (53 876) |
| | **—** | 51 535 | **—** | 51 535 |

4 440 049 (2016: 32 855 569) voorkeuraandele is gedurende die jaar afgelos.

Op 10 Mei 2016 het die direksie besluit om die aflossing van 'n bykomende 4 440 049 Naspers-voorkeuraandele op die voorkeuraflosdatum (10 Mei 2016) teen 'n voorkeuraflosprys van R54 752 te magtig. Die oorblywende aandelepremie en opgelope voorkeuraandeeldividend is afgeskryf volgens die ooreenkoms met Naspers se direksie.

Op 30 Maart 2016 het die direksie die aflossing van 32 855 569 Naspers-voorkeuraandele op die voorkeuraflosdatum (31 Maart 2016) teen 'n voorkeuraflosprys van R32 856 goedgekeur. 'n Aandelepremie en opgelope voorkeuraandeeldividende ten bedrae van R328 555 690 en R53 876 153 onderskeidelik is gedurende die 2016-jaar afgeskryf.

# Welkom Yizani-direksie

Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit en deur die relevante praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig toe te pas.



## Rachel Jafta

**Rachel (56)** het die grade MEcon en PhD en is 'n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is 'n direkteur van Naspers en Econex en voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust en van die Media24-direksie.



## Jo-Ann Held

**Jo-Ann (36)** het die graad BComRegte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy is 'n media-entrepreneur wat 17 jaar lank reeds TV-programme en aanlynmedia-bedrywighede aanbied en vervaardig. Sy is 'n glansambassadeur vir Unicef en dien in die direksies van Partnership Investments, die adviesraad van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool en M&C Saatchi Abel.



## Songezo Ralarala

**Songezo (34)** is sedert September 2016 hoof van regs- en regulatoriese aangeleenthede by Media24. Hy het sy LLB-graad in 2006 aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en is as prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat. Hy het sy klerkskap voltooi by Abrahams & Gross Attorneys Geïnk. in Kaapstad. Songezo het vir die Mededingingstribunaal van Suid-Afrika gewerk voordat hy in 2012 aangestel is as senior regsadviseur vir regulatoriese aangeleenthede by Telkom Beperk. Voordat hy by Media24 aangesluit het, was hy waarnemende hoof van Telkom se regs- en regulatoriese afdeling.



## Peter Goldhawk

**Peter (70)** is 'n geoktrooieerde rekenmeester en 'n afgetrede vennoot van PricewaterhouseCoopers Geïnk. Hy is nou 'n direkteur van Goldhawk Corporate Advisory. Hy was ten nouste betrokke by die bekendstelling van MultiChoice en Media24 se SEB-skemas deur onderskeidelik Phuthuma Nathi en Welkom Yizani. Hy is 'n lid van die JSE se Noteringsadvieskomitee en 'n direkteur van die Raad op Finansiële Dienste se direktoraat: Markmisbruik.

